PREEK
SONDAG 3 JUNIE 2007
Ds Freddie Schoeman

Skriflesing: Openbaring 21:1-5

Dit is vir my een van die merkwaardigste gedeeltes in die Bybel. Hierdie gedeelte openbaar God se hartsbegeerte vir die wêreld. Dit is hoe God graag wil hê die wêreld moet lyk – 'n plek sonder dood, trane, hartseer en pyn. Hierdie teks toon vir my God se diep liefde vir mense.

Dit haak vir my aan by 'n ander ewe aangrypende Bybelgedeelte: 1 Joh 4:7-8. Kyk mooi na die woorde – probeer die betekenis daarvan met jou hart aanvoel:

Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.

Kom ons lees dit van agter af – kom ons begin by die gevolgtrekking: God is liefde. Dit is meer as net 'n karaktereienskap van God. Dis 'n wesenseienskap. In sy diepste wese is God liefde. Dis die essensie van God. Dis nie *hoe* God is nie, dis *wie* God is. Liefde is God se wese en sy identiteit. (Liefde is nie God nie – kan nie ons definisie van liefde op God van toepassing maak nie.)

Kom ons gaan vêrder: Omdat God liefde is – het diegene wat nie liefhet nie, geen kennis van God nie. Hoe leer ons God ken? Hoe doen ons kennis van God op? Kan ons God werklik ken?

Een ding staan soos 'n paal bo water: Ons kan God nie heeltemal met ons kop of met ons verstand ken of verstaan nie. God is net te groot. As dit moontlik was om God met ons kop – ons intellek – te kon verstaan sou Hy nie meer God wees nie. Ons kan God nie klein kry nie. Ons kan God nie klein genoeg kry om in ons koppe in te pas nie.

Ja, ons kan dalk 'n klomp dinge oor God verstaan – sy karaktereienskappe; *hoe* Hy is. Maar sy wese? Nee, nie met ons verstand nie. Nie met ons kop nie. As ons iets van God se wese – wie Hy *eintlik* is – wil verstaan, moet ons liefhê. Want God is liefde. Ons kan God nie heeltemal met ons verstand verstaan nie, maar ons kan Hom heeltemal, volledig met ons harte verstaan. Om dit te kan doen, moet ons liefhê, elkeen wat liefhet, ken God, (is 'n kind van God) want God is liefde.

Hoe lyk die liefde wat van God kom? (Lees 1 Joh 4:9)

God se liefde word in sy Seun geopenbaar. Jesus het God se liefde kom demonstreer. Jesus het ons wys hoe lyk God se liefde. Jesus het kom wys dat mense wat ander mense gewoonlik nie liefhet nie (die gemarginaliseerdes / die kantlynmense), ‘n besondere sagte plek in God se hart inneem.

Jesus het Homself geassosieer met die verworpenes, die sondaars, die tollenaars, die straatvrouens, die siekes, die armes.

Dit is merkwaardig dat die mense wat die oordeel en die vooroordeel van die Joodse godsdienstiges moes verduur, was tuis by Jesus gewees. Hulle het by Jesus iets van God se liefde beleef. “Ek het nie gekom om te veroordeel nie, maar om te red wat verlore is.”

Hy het ons geleer om die ander wang te draai, vir ons vyande te bid en hulle te seën, die tweede myl te loop.

Hiervoor moes Jesus ‘n prys betaal. Hy is beledigend ‘n vriend van tollenaars en sondaar genoem. Hy is uitgeskel as ‘n vraat en wynsuiper omdat Hy daarvan gehou het om gereeld saam met tollenaars en sondaars te eet.

Hy is uiteindelik daaroor gekruisig.

Kom ons kyk weer na die teks – 1 Joh 4:7 – die gevolgtrekking.

Geliedes, *daarom* ons moet mekaar liefhê. Ons as mense is baie goed daarmee om grense en mure tussen mekaar te trek en te bou. Ons hou mekaar op ‘n afstand. Ons vorm groepe van eendersdenkendes en gedeelde belange. Dis “ons” teenoor “hulle”. Ons vertrou mekaar nie heeltemal nie. Ons is agterdogtig teenoor mekaar. Ons is om die waarheid te sê ‘n bietjie bang vir mekaar.

‘n Entjie verder aan in die teks – 1 Joh 4:18 – sê Johannes dat die ware liefde vrees uitdryf. Ons moet toelaat dat liefde die grense tussen ons afbreek.

Liefde oorkom verskille. In die kerk is daar baie verskillende soorte mense. Elkeen van ons het sekere nukke en grille. Party van ons vryf mekaar net verkeerd op. Liefde kan dit oorwin. Liefde gee vir ons ‘n verdraagsame gesindheid teenoor mekaar. Liefde help ons om te vergewe. Liefde help ons om mekaar te aanvaar.

Ware liefde gaan ook verder.

Ware liefde steek grense oor. Ware liefde help ons om ons vrees vir die vreemdeling te verloor. Wanneer dit gebeur dan word die klowe tussen volke, kulture en rasse oorgesteek.

Kol 3:11 *Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.*

Ons as die kerk van God, sy volk, sy kinders wat Hy baie liefhet, het die taak om God sigbaar te maak vir mense wat Hom nie ken nie. 1 Joh 4:12 *Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons …*

Ons moet aan God konkrete gestalte gee sodat mens Hom kan sien en kan ervaar en kan beleef – en die manier waarop ons dit doen is deur dade van liefde te pleeg.

Seuntjie en sy pa: balon – gee vir ons ‘n teken dat U bestaan. Volgende dag: karwas.

So dikwels doen ons presies die teenoorgestelde. Wanneer mense na die kerk, na ons as Christene se houding, woorde, optrede kyk, dan dink hulle heel dikwels die God wat ons dien is ‘n ongenaakbare, veroordelende, wraaksugtige God wat daarop uit is om mense te straf en te verdelg.

Dis die beeld van God wat baie mense kry as hulle ons dophou. Ghandi: ek hou van julle Christus, nie van julle Christene nie. Die beeld wat die wêreld soms van Christene kry is dat ons vervolgers en veroordelaars is. Mense wat die hele tyd net preek vir ander mense en die hele tyd net wil voorskryf.

As dit wel die beeld is wat die mense van die wêreld van ons het – dan het ons nie geslaag in ons taak om God sigbaar te maak nie. Dan het ons die saak van die bose bevorder.

Ons het begin deur te kyk na God se toekomsvisie vir die skepping – sy droom, sy hartsbegeerte vir die wêreld. Hoe word hierdie droom waar? Wat doen God om die wêreld waarin ons woon ‘n plek te maak waar daar minder pyn, hartseer en droefheid is? God gebruik mense wat vir Hom lief is – mense wat die wesenseienskap van God aan die wêreld te toon: sy liefde.

Ons leef in ‘n bose wêreld. Die beste wapen teen die bose is liefde. Ons moet die mense in die wêreld wat in die greep van die bose is, oorrompel met God se liefde.

Liefde maak heel, liefde maak gesond, liefde verdryf haat en kweek hoop.
Liefde laat God se koninkryk kom, liefde laat God se droom waar word.